

**TEMA: Vergifnis deur Jesus bring liggaamlike en geestelike genesing.**

SKRIFLESING: Markus 2:1-12

TEKS: Markus 2:5,12

*Daar kom toe mense wat 'n verlamde man na Hom toe bring. Vier van hulle het hom gedra. Toe hulle hom weens die gedrang nie by Jesus kon kry nie, breek hulle die dak reg bokant Hom oop, en nadat hulle 'n opening in die dak gemaak het, laat hulle die draagbaar waarop die verlamde man gelê het, daardeur afsak. **Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: “Vriend, jou sondes word vergewe!”***

*Hy sê toe vir die verlamde man: “Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.” **Hy het opgestaan, dadelik sy draagbaar gevat en voor die oë van almal uitgestap.** Hieroor was hulle almal verbaas en het hulle God geprys en gesê: “So iets het ons nog nooit gesien nie!”*

Vanuit hierdie bekende verhaal kan ons 'n paar toepassings maak op ons lewe. Ek wil drie vrae hieruit beantwoord.

1. Wat sal ons doen om by Jesus uit te kom?
2. Sal ons iemand saamvat?
3. Wat gebeur by Jesus?

1. Hierdie 4 vriende kon weens die baie mense wat saamdrom, besluit het om om te draai en later weer te kom, soos ons dalk maak as on slang rye sien. Hulle besluit egter om eintlik ongeskik en vandalisties te raak. Hulle druk in tot voor en verwoes die huis se dak, solank hulle net so gou as moontlik by Jesus kan uitkom. **Hul geloof in Jesus en liefde vir hul vriend het hulle amper onredelik laat optree. Hulle was desperaat.**

Het ons daardie dors na Jesus? **Glo ons ook vas dat Hy 'n oplossing vir al ons probleme het?** Sal ons alles in die stryd werp om by Hom alleen uit te kom, of soek ons soms valse troosters in mense of middele wat ons eintlik verder in 'n put laat afsak? **Was sommige van ons nie lanklaas by Jesus nie?** In jou persoonlike Godsdienst, Bybelstudie, huisgodsdienst met jou kinders, jou aktiewe kerklike lewe, om juis net vir Jesus op te soek?

2. Hierdie 4 vriende het nie vir hul eie probleme vir Jesus opgesoek nie, maar vir hul vriend wat al jare lank in nood is en nêrens elders gehelp kon word nie. **Sulke geloof en naasteliefde beïndruk Jesus so, dat Hy teen alle verwagting van die geïriteerde, woedende skare, hulle wel help en prys vir hul geloof.**

Natuurlik verwys hierdie verhaal nie net na liggaamlike nood nie, maar juis ook die geestelike duisternis waarin so baie mense verkeer. **Baie mense naby ons, ook vriende en selfs familie wat lanklaas, of nog nooit werklik by Jesus uitgekom het nie.** Wat nog te sê van ons GROOT opdrag om vreemdes in ons omgewing en elders na Jesus toe te bring? **Ons moet ons persoonlik en as gemeente afvra, watter verskil ons as ligte van Jesus en as lamp op die berg, werklik in Benoni maak?**

3. Die grootste wonderwerk gebeur toe hierdie 5 manne voor Jesus verskyn. Hulle het gekom om sy verlamde bene te laat genees, maar Jesus doen meer. Ons teks. Hy vergewe hul sonde. **Jesus spreek nie net die simptoom van verlamheid aan nie, maar juis die wortel van die siekte, nl. die sonde.** Hy gee eers geestelike genesing, wat die moeilikste is vir Hom, dan volg die liggaamlike genesing daarui voort. Hy moes later aan 'n kruis gaan sterf om die vergifnis vir ons finaal te berei. Jesus se liefde vir sy kinders maak dat Hy baie meer gee as wat hul voor gekom het.

As ons die waarheid van hierdie verhaal glo, **waarom sal ons dan huiwer om na Jesus toe te kom?** Veral om ook die wortel van ons geestelike verlamheid, siekte en ellende nl. die sonde te laat vergewe? **Om ons geestelik te reinig?**

Hierdie verhaal wys vir ons baie duidelik dat jou hele lewe verander as jy by Jesus was. So sal dit wees, soos ons daaglik deur die Woord en gebed by Jesus uitkom en by Hom bly!

Kom ons dank God, omdat ons weens Jesus se versoeningsdood **nie meer op die draagbaar is nie**, maar omdat ons reeds verlos is en as nuwe mense met vrede en vreugde leef in die 2e kans wat ons gekry het.

**Mag ons dankbaarheid ons dryf** om 4-4 na ander verlamdes op draagbare, wat op ons pad na Jesus toe te dra. Onder “verlamdes” verstaan ons, enige mens wat liggaamlike gebrek ly deur siekte of armoede, asook almal wat geestelik vêr van Jesus af is en die reiniging van vergifnis dringend nodig het.

**Mag ons ook indruk en dakke oopbreek daarvoor!!**

